

DANKBAARHEID!

Een van die geheime van 'n gelukkige lewe is dankbaarheid. As ek en jy dit kan reg kry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. Begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak en sien ons die seën wat ons het, raak. Kyk ons verby die donker wolke en begin ons die silwer randjie raaksien.

Dankbaarheid word 'n realiteit in ons lewe as ons besef dat alles wat ons het is 'n geskenk van God. Om te kan glo, om te kan werk, om 'n familie te hê – alles is 'n geskenk. Dankbaarheid is egter nie net 'n emosie nie, maar gaan altyd oor tot aksie. Dankbaarheid inspireer my om my geloof uit te leef, om saam met ander gelowiges Sondae God te loof en te dank vir Sy genade, lief te wees vir God se kinders, iets van die baie wat ek ontvang, terug te gee met my tiende, en elke dag met vreugde te leef!

Filippense 4: "4 Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."

'n Gemeente kan nie net 'n bediening aan lidmate hê nie, daar moet ook 'n bediening deur lidmate wees. Dit is juis deur betrokke te wees en in te skakel, dat jy jou geloof begin prakties uitleef en so deel te word van die groter geloofsgemeenskap. Ons het mekaar hierin nodig!

Daarom wil ons graag baie dankie sê vir elke lidmaat se betrokkenheid by die gemeente se werksaamhede die afgelope jaar op alle terreine, soos o.a. om weekliks sop te maak vir die straatmense, 'n siek persoon dokter toe te neem, vir iemand te bid, 'n finansiële bydrae te maak tot iemand se behoeftes, 'n 'oor' te wees vir iemand, dalk iemand se hare te doen by die Tehuise, dalk 'n rol in 'n kind se lewe speel deur o.a. betrokkenheid by die gemeente se kategeese die afgelope jaar of by die kinderhuis of Fisantekraal Crèches. Dalk het jy jou gawes gebruik deur die afgelope jaar betrokke te wees by een van die gemeente se bedieningsgroepe, bv. die kommunikasie groep, kleingroepe, kerkraad, strategiese groep, omgeediens, klankbediening, eredienswerkgroepe, die gemeente se koor, fotograaf gespeel by funksies en gebeurtenisse of dalk het jy iewers in 'n span gehelp om saam te dink en bid oor belangrike sake.

Hiervoor wil ons elkeen bedank!

Baie dankie ook vir lidmate wat reeds bygedra het tot November-maand se Dankbaarheidsoffers.

Die mooi bedrag reeds geëin is R678 000-00. Ons mikpunt is R1600 000-00.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville
Gemeente

KERKKANTOOR

Tel: 021 975 6370

E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za

Facebook: Durbanville Gemeente

Instagram: @durbanvillegemeente

Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019

Naam: NG Gemeente Durbanville.

Verw: bv. RVos / MDO

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

| TYD | WAAR | VANDAG 19 NOVEMBER 2017 | VOLGENDE WEEK 26 NOVEMBER 2017 |
|-------|--|---|---|
| 09:00 | Kerk: Klassieke diens Sentrum: Familiediens | Teks: 1 Kron 29:10-19 Ds. André van Wyk ^{Doop} Dr. Tinus van Zyl | Teks: 1 Petrus 2:1-17 Dr. Tinus van Zyl ^{Nagmaal} |
| 09:30 | Jeuggroepe | Voorskool – Gr. 3 | Voorskool – Gr. 3 |
| 10:00 | Jeuggroepe | Gr. 4 – 11 | Kersspel oefen |
| 18:00 | #theRock ^(Tieners) | Ds. Jana Dickason | Ds. Jana Dickason |



Kersprogram

Ons nooi u graag uit na ons jaarlikse Kersprogram. Dit beloof om weereens 'n luisterryke geleentheid te wees met verskeie kore, sanggroepe, ensembles en soliste wat gaan optree, o.a. die koor van die Hoërskool Durbanville.

26 NOVEMBER OM 19:00 - KERKGEBOU
Kom vroeg genoeg om 'n sitplek te verseker. Ons gaan reeds vanaf 18:30 heerlike kersliedere saamsing.

Durbanville
Gemeente

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Johan du Plessis
- Sariët Bernhardt dogter van Eddie en Helienne Pretorius

Ons innige simpatie aan die gesinne en familie met die afsterwe van:

- Cora Strydom

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Madel Human, Betty Burger, Mariette Marx, Christo en Nelia van Niekerk, Dalene Eloff, Charlie Meyer, Karen Loots en Wynand Theron

OFFERGAWES

Vandag se Spesiale offergawe gaan aan **VROUEBEGELEIDING**. Die Taakspan vir Vrouebegeleiding het nuut begin dink oor God se roeping vir vroue. In hierdie geloofsonderskeidende proses is Vroue met Vlerke gebore. Tydens die geloofsreis help ons vroue om weer opnuut na God se stem te luister. Hierdie reis sluit aan by Communitas se geloofsreis. Ons taakspan is dankbaar vir die seën wat vroue ervaar in hul deelname aan die reis, asook die seën wat dit in gemeentes bring. Die fondse wat ons insamel stel ons in staat om vroue verder te begelei in die geloofsreis.

BEVESTIGING VAN KERKRAADSLID

Baie geluk aan Jac Laubscher van Figtree Estate 2, wie vanoggend bevestig word as kerkraadslid (ouderling). Baie dankie dat jy bereid is om God se liefde in ons gemeente ook op hierdie wyse uit te dra.

KLANKSTELSEL: GEMEENTESENTRUM (FAMILIEDIENS)

Soos u reeds bewus is, het ons tydens die klawerprojek die mooi bedrag van R102 000-00 ingesamel. Intussen is 3 kwotasies ingewin vir die opgradering van die klankstelsel en word daar eersdaags met die opgraderingswerk begin. Dankie nogmaals vir elke lidmaat wat hiertoe bygedra het. Ons is baie dankbaar hiervoor!

THE ROCK SLUIT AF

Hierdie Sondag is ons laaste The Rock. Kom kuier saam met ons vir oulaas 18:00 in die kerksaal!

DOOP VANDAG – KLASSIEKEDIENS

Baie geluk Marselle en Jarco Groenewald wat vir Wessel doop en aan Christine Veldman en Ian Smit wat vir Ryan doop.

Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie. Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word

BEROEP: DS. ANDRÉ VAN WYK

Ds. André van Wyk het die beroep na Jan Kriel Instituut aanvaar. Ds. Andre se laaste datum van diens sal **31 Desember 2017** wees en sy **afskeidspreek sal in Januarie 2018** wees.

“CHILL”- KAMP- TIENERS VRA HULP

Op 1-3 Desember wil ons van ons tieners op 'n “Chill”- kamp neem by die Jeugsentrum in Hartenbos. Tydens hierdie kamp wil ons, ons tienerleiers toerus en bemagtig tot diensbare leierskap. Tans het ons 10 tieners wat graag wil bywoon. Ons benodig die bedrag van **R3500** om dit te laat plaasvind. Die tieners dra steeds by, maar ons poog om hierdie kostes te verlaag met vrywillige bydraes. Kontak vir ds. **Jana Dickason 082 6141 728**

DURBANVILLE / BERGSIG SENIOR KLUB

Die afsny datum vir LEDE wat nog die **Kersete op Donderdag 30 November 2017** wil bywoon is Maandag 20 November 2017. Neem asb. kennis dat die bus om **10:30** vanaf Durbanville Gemeente sal vertrek.

SYLVIA NENE TYGERBERG HOSPITAAL

Ons wil graag weer gedurende November, totdat die skole sluit, toiletware bymekaar maak wat Sylvia onder die pasiënte kan uitdeel. Daarvoor moet ek op u samewerking staatmaak. In die sakkie moet wees: Waslap en seep, tandeborsel en tandepasta en deodorant.

Dit hoef NIE as 'n Kerspakkie opgemaak te wees nie, want dit word gedurende die jaar, soos dit benodig word, uitgedeel. Daar sal kartondose, gemerk **SYLVIA NENE**, in die portale wees waarin u die sakkie kan sit, of dit kan ook by die kerkkantoor afgegee word. Hierdie sakkie benodigdhede is vir die meeste pasiënte 'n luukse, en omdat hierdie projek elke jaar sò goed deur die gemeente ondersteun word, het ek regtig die vrymoedigheid om wèer op u samewerking staat te maak.

Nogmaals baie dankie vir u bydrae. Kontak persoon: **Nana de Kock by 021 976 3618 of die kerkkantoor by 021 975 6370**

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE



ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

OMGEEDIENS NETWERKBEDIENINGE

Ons deel graag voortreflike prestasies van Fisantekraal crèches. Die crèches volg die Curriculum van Learn to Live. Die jaarlikse Diplomaplegtigheid het op 11/11/2017 by Oakhill Kerk plaasgevind.

Siembamba crèche is as die beste crèche (uit 'n groot aantal) en verskillende areas gekies. Me. Cathy Cupido crèche hoof, het toekennings vir opleidingsprogram, leierskap, besigheidsopleiding en higiëne (**sien foto**) ontvang.

Toekennings is vir **Leierskap** aan die volgende crèche hoofde gegee by: Babbels en Krabbels, Teletubbies, Drie Beertjies, Goue Sontraaltjies. Toekennings is vir **Besigheidsopleiding** aan die volgende crèche hoofde gegee by: Twinkle Little Star, Babbels en Krabbels, Teletubbies, Drie Beertjies, Goue Sontraaltjies, Sakhulunthu en Loopsy Doopsy. Hartlike gelukwense!



Van Links: Cathy Cupido, Gloria Maquba en Rose MacFarey

KLEIN WOONSTEL OF KAMER BENODIG VIR ONDERWYSER

'n Onderwyser van die platteland (Clanwilliam) benodig asb. 'n klein woonstel of kamer vanaf Januarie 2018. Hy is getroud en gaan dus naweke na sy vrou in Clanwilliam. (Afstandshuwelik). Hy is 'n sprankelende persoon. Skakel vir Suzie by 082 895 4106.

KERSFEESPAKKIES VIR JACQUES EN SY VRIENDE

As u voel om nog 'n bydrae te maak vir die kersfeespakkies kan u gerus by die kerkkantoor kom aflewer. Benodighede: Waslap, roll-on, tandepasta, tandeborsel, sokkies, haarborsel of pakkies koekies.

ONS OEFEN VANDAG

Soos julle weet hou ons 'n **Kersspel 26 November**. Ons het nog baie hulp nodig, veral met die skoonmaak na die tyd. As jy wil help bly na die tyd in die saal agter en skryf jou naam op 'n lys of gesels met Ds. Jana. Ons benodig ook rooi matte en raffia lappe vir dekor. Ons benodig 'n spannetjie wat kan help met cupcakes wat ons na die diens saam met tee wil bedien asb.

Vandag: Daar is geen jeugroepe vir Gr. 4 – 10 nie. Ons almal oefen Kersspel na die diens, in die saal. Bly asseblief agter as jy jou naam opgegee het.

JEUGLEIER KUIER

Ons nooi alle jeugroepleiers om te kom saam kuier! Ons is baie dankbaar vir die harde werk, moeite en energie waarmee julle die jaar aanpak. As jeugleiers speel julle 'n baie belangrike rol in die geloofsontwikkeling van elke kind. Ons wil die jaar graag afsluit met 'n kuiertjie op **23 November om 18:30**. Die plek sal nog aangekondig word. R.S.V.P by **Alrina 021 975 6370**

Daar is nog baie om na uit te sien vir die res van 2017!

2017



23 NOVEMBER 2017
Jeugleiers Kuier om 19:00



26 NOVEMBER 2017
09:00 Kersspel (Familiediens)
09:00 Nagmaal (Klassieke diens)



26 NOVEMBER 2017
19:00 Kersprogram



3 DESEMBER 2017 - 1ste ADVENT
09:00 Gesamentlike erediens met
Kersliedere & Doop in die Kerk.
Spreekbeurt: Lisle de Jager



25 DESEMBER 2017 - KERSDAG
08:00 & 09:15 Klassieke diens
Ds. André Agenbag



31 DESEMBER 2017
09:00 Klassieke diens - Ds. Rian Verster
18.30 Oujaarsdiens - Ds. Rian Verster

OMGEEDIENS NETWERKBEDIENINGE

Ons deel graag voortrefflike prestasies van Fisantekraal crèches. Die crèches volg die Curriculum van Learn to Live. Die jaarlikse Diplomaplegtigheid het op 11/11/2017 by Oakhill Kerk plaasgevind.

Siembamba crèche is as die beste crèche (uit 'n groot aantal) en verskillende areas gekies. Me. Cathy Cupido crèche hoof, het toekennings vir opleidingsprogram, leierskap, besigheidsopleiding en higiëne (**sien foto**) ontvang.

Toekennings is vir **Leierskap** aan die volgende crèche hoofde gegee by: Babbels en Krabbels, Teletubbies, Drie Beertjies, Goue Sontraaltjies. Toekennings is vir **Besigheidsopleiding** aan die volgende crèche hoofde gegee by: Twinkle Little Star, Babbels en Krabbels, Teletubbies, Drie Beertjies, Goue Sontraaltjies, Sakhulunthu en Loopsy Doopsy. Hartlike gelukwense!



Van Links: Cathy Cupido, Gloria Maquba en Rose MacFarey

KLEIN WOONSTEL OF KAMER BENODIG VIR ONDERWYSER

'n Onderwyser van die platteland (Clanwilliam) benodig asb. 'n klein woonstel of kamer vanaf Januarie 2018. Hy is getroud en gaan dus naweke na sy vrou in Clanwilliam. (Afstandshuwelik). Hy is 'n sprankelende persoon. Skakel vir Suzie by 082 895 4106.

KERSFEESPAKKIES VIR JACQUES EN SY VRIENDE

As u voel om nog 'n bydrae te maak vir die kersfeespakkies kan u gerus by die kerkkantoor kom aflewer. Benodighede: Waslap, roll-on, tandepasta, tandeborsel, sokkies, haarborsel of pakkies koekies.

ONS OEFEN VANDAG

Soos julle weet hou ons 'n Kersspel **26 November**. Ons het nog baie hulp nodig, veral met die skoonmaak na die tyd. As jy wil help bly na die tyd in die saal agter en skryf jou naam op 'n lys of gesels met Ds. Jana. Ons benodig ook rooi matte en raffia lappe vir dekor. Ons benodig 'n spannetjie wat kan help met cupcakes wat ons na die diens saam met tee wil bedien asb.

Vandag: Daar is geen jeugroepe vir Gr. 4 – 10 nie. Ons almal oefen Kersspel na die diens, in die saal. Bly asseblief agter as jy jou naam opgegee het.

JEUGLEIER KUIER

Ons nooi alle jeugroepleiers om te kom saam kuier! Ons is baie dankbaar vir die harde werk, moeite en energie waarmee julle die jaar aanpak. As jeugleiers speel julle 'n baie belangrike rol in die geloofsontwikkeling van elke kind. Ons wil die jaar graag afsluit met 'n kuiertjie op **23 November om 18:30**. Die plek sal nog aangekondig word. R.S.V.P by **Alrina 021 975 6370**

Daar is nog baie om na uit te sien vir die res van 2017!

2017



23 NOVEMBER 2017
Jeugleiers Kuier om 19:00



26 NOVEMBER 2017
09:00 Kersspel (Familiediens)
09:00 Nagmaal (Klassieke diens)



26 NOVEMBER 2017
19:00 Kersprogram



3 DESEMBER 2017 - 1ste ADVENT
09:00 Gesamentlike erediens met
Kersliedere & Doop in die Kerk
Spreekbeurt: Lise de Jager



25 DESEMBER 2017 - KERSDAG
08:00 & 09:15 Klassieke diens
Ds. André Agenbag



31 DESEMBER 2017
09:00 Klassieke diens - Ds. Rian Verster
18:30 Oujaaersdiens - Ds. Rian Verster